Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2011

GESKIEDENIS V2
ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 11 bladsye.

VRAAG 1: WATTER IMPAK HET SOSIALE DARWINISME EN DIE EUGENETIKA BEWEGING OP DIE RASSISTIESE BELEID VAN DUITSLAND GEHAD?

BRON 1A

Hierdie uittreksel handel oor die teorie van Sosiale Darwinisme en is geneem uit ŉ geskiedenis handbook, *Nuwe Generasie, Graad 11* deur S.P. Govender *et al*.

Wetenskaplike ontwikkeling het gelei tot die ontstaan van die teorie van Sosiale Darwinisme. Dit was ŉ teorie in sosiologie, wat geglo het dat individue of groepe ander kan oorheers op grond van hulle genetiese en biologiese superioriteit. Teorieë soos Sosiale Darwinisme word pseudo-wetenskaplik genoem. Sosiale Darwinisme het verder geglo dat Charles Darwin se teorie van evolusie op die samelewing toegepas kan word. Hulle het verder verklaar dat sosiale progressie spruit uit konflikte tussen individue en tussen samelewings. Die fiksste en mees aangepaste individue in die samelewing sal oorleef. Dit het die Nazi's laat glo dat die Ariese ras die supermense en "rein nasie" was. Hulle kenmerklike voorkoms is dat hulle lank, blond, lig van kleur is en blou oë het. Sosiale Darwinisme het verder geglo dat die natuur moet toegelaat word om sy gang te gaan en die onbekwames sal uitgeroei word.

BRON 1B

Hierdie uittreksel is uit, *In Search of History* deur J. Bottaro *et al.* geneem en verduidelik die Eugenetika teorie soos toegepas deur die Nazi's om die volmaakte raste skep.

GESKREWE BRON

Ons eis van lede van die adellike ras, dat hy slegs trou met blou-oog, ovaalvormige gesig, rooi wange en dun neus, blonde vroue. Ons eis dat die blou-oog Ariër hier trou met 'n Ariese meisie wie soos hy afkomstig is van 'n suiwer en onbelemmerde verlede. Die Nazi's het 'n verpligte program van sterilisasie ingestel teen die verstandelike vertraagdes, die verstandelik- en fisiese gestremdes, gevaarlike gewoonte misdadigers, die "werk-sku" in die "anti-sosiales" omdat hulle gesien was as die 'onbekwames' en onreine nasies. Die Nazi's het geglo dat die regte doelbewuste aanwas van die bevolking die sleutel is om die samelewing te verbeter.

VISUELE BRON

Hierdie nuusbrief weerspieël die Nazi's se rassistiese beleid teenoor die "ongewenste" en is geneem uit *VIVA History* deur C.Dugmore *et al*.

Die plakkaart kom uit 1930's nuusbrief van die Nazis se rassisties kantoor[Nuwe Volk]. Die teks is as volg:"Die genetiese siek persoon sal ons gemeenskap 60,000 mark kos oor sy leeftyd. Lees die Nuwe Volk, die maandlikse nuusbrief vanaf die rasse beleid kantoor van die NSDAP."

BRON 1C

Die volgende kaart verwys na die konsentrasiekampewaar die Jode en ander rasse wat beskou is as ongewenstes aangehou en vermoor is en is geneem uit *Verken die Verlede* deur M. Friedman *et al*.

Die Nazi's het tydens die Tweede Wêreld Oorlog 'n reeks reuse konsentrasie kampe gebou. Die mees berugte een was Auschwitz.

BRON 1D

Hierdie grafiek verwys na statistiek oor die volkmoord van die Jode en is geneem uit *The Holocaust* deur M. Gilbert.

LANDE	SKATTING VOOR FINALE OPLOSSING BEVOLKING	BERAAMDE JOODSE BEVOLKING VERMOOR	PERSENTASIE
POLE	3 300 000	3 000 000	90
BALTIESE LANDE	253 000	228 000	90
DUITSLAND/OOSTENRYK	240 000	210 000	90
PROTEKTERATE VAN BOHEMIË EN MORAVIË	90 000	80 000	89
SOLWAKYE	90 000	75 000	83
GRIEKELAND	70 000	54 000	77
NEDERLAND	140 000	105 000	75
HUNGARYE	650 000	450 000	70
WIT RUSLAND	375 000	245 000	65
UKRAÏNE	1 500 000	900 000	60
BELGIË	65 000	40 000	60
JOEGO-SLAWIË	43 000	26 000	60
ROEMENIË	600 000	300 000	50
NOORDWEË	1 800	900	50
FRANKRYK	350 000	90 000	26
BULGARGE	64 000	14 000	22
ITALIË	40 000	8 000	20
LUXEMBERG	5 000	1 000	20
USSR*	975 000	107 000	11
DENMARK	8 000	-	-
FINLAND	2 000	-	-
TOTAL	8 861 000	5 933 900	

VRAAG 2: WAT WAS DIE HOOF UITDAGINGS WAARMEE AFRIKA LANDE NA DIE TWEEDE WÊRELD OORLOG,TE KAMPE MEE WAS, WAT DIE PROGRESSIE VAN DIE NUWE ONAFHANKLIKE STATE VERTRAAG HET?

BRON 2A

Hierdie bron handel oor die politieke probleme waarmee Afrika lande te kampe mee was en is geneem uit *Making of Mordern Africa* deur A.E. AFIGBO.

Die probleem van interne stabiliteit en interne politieke eenheid in die nou onafhanklike Afrika state hou nou verband met die tipe regering wat hulle het. Dit was as van selfsprekend aanvaar dat hierdie lande sou aanpas en dieselfde tipe politieke sisteme en regerings van hulle voormalige koloniale meesters sou gebruik. Daar was dus verwag dat die voormalige Anglo- en Westerse state die West Minister parlementêre sisteem van demokrasie, wat gekenmerk word deur die teenwoordigheid van twee politieke partye waarvan een in beheer sal wees en die ander die opposisie, en ook ʼn politieke neutrale staatsdiens, gewapende magte en ʼn regstelsel. Die voormalige Franse state was ook van verwag om ʼn Franse presidensiële demokrasie te volg.

Menige Afrika state het een-party state geword. Die regerings in Afrika het geglo dat een-party state sal die idees van, “selfvertroue, selfversorgend, nasionalisme en patriotisme in die mense sou inboesem”. Van Afrika se 49 state, is daar slegs sewe state wat nie militêre regerings of een- party state geword het nie. Van die 32 Afrika staatshoofde wat die OAU handves in Addis Abeba in 1963 onderteken het, is slegs sewe van hulle nog in beheer van hulle state. 21 van die res was omvêr gewerp deur militêre staatsgrepe. Van die oorblywende sewe is dit slegs President Senghor van Senegal wie sy land lei deur ʼn grondwet wat voorsiening maak vir demokratiese verkiesings en ʼn veelparty stelsel.

BRON 2B

Die bron was geneem uit *Africa 2001: The state, Human rights and the people* deur H. Ekwe-Ekwe en handel oor die ekonomiese probleme waarmee Afrika lande te kampe mee was.

GESKREWE BRON

Die koloniale moondhede het die ekonomieë van hulle kolonies tot hul eie voordeel aangewend. Hulle het die natuurlike bronne uit Afrika lande onttrek, sonder om die sekondêre of tersiêre sektore van dié ekonomieë te ontwikkel. Dit is oor redes soos bogenoemde dat Kwame Nkrumah, wie leier van Ghana in 1957 geword het, tot syverbasing ontdek het dat in die vorige 30 jaar alleen het die, "Britse handel en verskeping belange €300,000,000 uit sy land geneem het". Dink net, het Nkrumah gespekuleer, "watter ontwikkeling sou gedoen kon word in sy land as net ŉ gedeelte van die massiewe wins agtergebly en gebruik was tot voordeel van die mense …". Ten spyte van die feit dat die Goue Kus vir byna 50 jaar lank die wêreld se grootste kakao produsent was, "daar nie ŉ enkele sjokolade-fabriek hier is nie." Terwyl Afrika lande die roumateriaal produseer vir die vervaardiging van verskeie produkte, is die vervaardiging van hierdie produkte in Afrika nie aangemoedig nie. Die vervaardiging was buite Afrika gedoen, maar uitgevoer en verkoop in Afrika teen baie hoër pryse.

Visuele Bron

Die bron wys die verhouding tussen die kweek van uitvoer gewasse en familievoedsel en is geneem uit *Learning Series* deur P. McMahon.



BRON 2C

Die volgende uittreksel is geneem uit *Africa Betrayed deur B.N. Ayittey* en handel oor die sosiale probleme waarmee Afrikalande te kampe mee was.

Op die vooraand van die onafhanklikheidswording van Nigerië, het die land een dokter gehad wat 133,000 mense moes behandel, op ʼn tyd toe Brittanje een vir elke 3,700 mense terug in die moederland gehad het. As gevolg van die tekort aan hospitale was die kinder sterftesyfer baie hoog. Tuberkulose was algemeen en die onvoldoende behandeling in hospitale het die siekte vinnig laat versprei. Daar was ook ʼn tekort aan opvoedkundige fasiliteite. Sommige Afrika studente wat oorsee studeer het, het nooit teruggekeer nie a.g.v. die tekort aan geld en geleenthede. Sommige geleerde swartes wat wel teruggekeer het, het met wraak sonder om veel respek te toon, om te beheer, te verwoes en te koloniseer deur vreemde ideologiese beleide op die mense van Afrika af te dwing. Dit het bekend geword as swart neo-kolonialisme.

VRAAG 3: HOE HET SUID-AFRIKANERS WEERSTAND GEBIED TEEN DIE APARTHEIDSREGERING TUSSEN 1948 EN 1958?

BRON 3A

Hierdie uittreksel is geneem uit *History of Southern Africa deur* J.D. Omer Cooper en handel oor die ANC se besluit om aksie te neem teen die apartheidsregering.

Die bekendstelling van Apartheid en die vergroting van die intensiteit van diskriminasie in ʼn tyd van groeiende politieke bewustheid en die toenemende verwagtinge onder alle Suid-Afrikaners het aanleiding gegee tot ʼn georganiseerde massa beweging van ʼn vreedsame verset-veldtog soos nog ooit in Suid-Afrika beleef is nie. By die 1949 konferensie van die ANC, het die militante Jeugliga geseëvier oor die meer konserwatiewe neigings van die ANC. ʼn Program van Aksie was geloods om ontslae te raak van rasse diskriminasie deur massa aksies soos boikotte, stakings, burgerlike ongehoorsaamheid en geen samewerking.

BRON 3B

Die volgende bron handel oor die besluit om die verset veldtogte loods en is geneem uit ,*South Africa in the 20th Century* deur B.J. Liebenberg *et al.*

By die jaarlikse kongres van die ANC in 1951 was daar ooreengekom dat ʼn burgerlike ongehoorsaamheidsveldtog geloods sou word om te protesteer teen die regering. Die eerste stap sou egter wees om die Eerste Minister te nader om sekere onbillike wette te herroep en vir direkte verteenwoordiging van swartes te versoek. Slegs nadat hierdie samesprekings misluk het, sou ʼn nasionale oproep op die mensegemaak word om hulle teen die dis kriminele maatreëls soos die Wet op Aparte Geriewe vir blankes en teen die inhegtenisneming van sodanige oortredingste protesteer. In Januarie 1952 is ʼn ultimatum, wat die herroeping van ses onbillike wette eis, deur Dr. J.S. Morroka en Walter Sisulu onderteken. Malan se terugvoer was dat: “... die wette daar was tot voordeel van die mense.”

BRON 3C

Hierdie bron handel oor gebeure gedurende en na die veldtog en is geneem uit *They fought for freedom: Nelson Mandela* deur Karin Pampallis.

Toe, op 26 Junie 1952, het 250 swart en Indiër vrywilligers 'Net Blankes' toegange na treinstasies geneem, gesit op 'Net Blankes' park banke, met opset hulle passe tuis gelos en in die stede gebly tot na die spertyd. Die polisie het duisende gearresteer gedurende die versetveldtog, insluitend Mandela. Die polisie was met alle mag uit die aand, gepatrolleer en op soek na diegene wat die wette wou verbreek. Ongelukkig vir die versetveldtog het daar 'n paar insidente van geweld plaasgevind, te verstane in die lig van onderdrukking, armoede en werkloosheid van die stedelike swartes. In beide Port Elizabeth en Oos-Londen was daar 'n verlies van lewens aan beide kante van die kleurlyn. Die moord op Dr. Mary Quinten, 'n non wie gereeld maatskaplike werk in die swart woonbuurt gedoen het, het skokgolwe van afkeuring deur die wit gemeenskap gestuur, wat onvermydelik oorgeloop het op die lot van die versetveldtog. Volgens die regering het die versetveld tog bewys dat waar swartes vryheid geniet "moord van brandstigting" sou plaasvind.

Die apartheidsregering was verbaas oor die grootte van die versetveldtog en het meer bekommerd geraak oor die sterkte van die veldtog. Wetgewing het gevolg wat die polisie meer mag gegee het. Oortreders kon nou tronkstraf opgelê word sonder 'n verhoor. Strawwe boetes vir burgerlike ongehoorsaamheid, is ook ingestel insluitende boetes, tronkstraf en oortreders kon selfs gehang word.

BRON 3D

Hierdie foto verwys na die vrylating van vroue na hul deelname aan die versetveldtog en is geneem uit *History of Southern Africa* deur J.D. Omer-Cooper.

Vroue verlaat die tronk; nadat hulle deelgeneem het aan die Minagtingsveldtog.

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgendegeneem:

AFIGBO, A.E. et.al. 1986.*The Making of Modern Africa (Longman Group Limited)*
Ayittey, B.N. 1992."*Africa Betrayed" (The MacMillan Press LTD)*
Bottaro, J.et.al. 2007.*In Search of History –Grade 11 (Oxford University Presto)*
Dugmore, C. et.al. 2007. *Viva History grade 11 (Vivlia Publishers and Booksellers)*
Ekwe-Ekwe, H. 1993.*Africa 2001: The state, Human Rights and the people (International Institute for Black Research)*
Friedman, M. et.al. 2007.*Verken die Verlede-Graad 11 (Maskew Miller Longman)*
Gilbert, M. 1986. *Holocaust Centre (William Collins and Sons Co.)*
Govender, S.P. et.al. 2007. *New Generation History Grade 11 (New Generation Publishing Enterprises)*
Liebenberg, B.J. et.al. 1993. *South Africa in the 20th Century C.J.L. Van Schawk Academic)*
McMahon, P. 1997. *Learning Series (All Saints Trust)*
Omer Cooper, J.D. 1994.*History of Southern Africa (David Publishers (PTY) LTD*
Pampallis, K. 2000. *They fought for freedom: Nelson Mandela (Maskew Miller Longman)*